
# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN




*"Daarom stuur Ek jou ... "*
*"Ek sal by jou wees."*
Eks 3:10,12

## HEMELVAARTDIENS

Donderdag 14 Mei
19:00
Past Adam
***Wat op aarde maak ek hier?***
*Wat is die sin van my bestaan?*

# EREDIENSTE

## VANDAG

Deuroffers: Sinodaal BADISA

08:30
**CONTEMPORARY SERVICE**
*Past Adam*
Johannes (John) 14:15–21, 27
Eksodus (Exodus) 3:10–12

Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
**KLASSIEKE DIENS**
*Peet van Zyl*
God stuur sy Gees.
Johannes 14:15-21.
10:30
Belydenisklas

19:00
**OPEN DOOR SUNDAYS**
Francois Kotzé Testimony
*How God turned my life around.*
Francois is a member of our church council and leader of the *Manna for Men* on Wednesday mornings.

# BEHOORT



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone,*
*70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MEI**

10: Marie van der Merwe (80jr)
11: Linky Pretorius, Hannes Saunders
13: Ben Carstens
14: Lood Ackerman



Maria Welman, ons nuwe skoonmaker.
Ons wens haar alle seën toe en
glo sy gaan gelukkig wees by ons!






## MEELEWING

Ons bid vir die vriende en familie van
Marie Botha wat die afgelope week oorlede is.
Mag die Here julle vertroos
in hierdie harseer tyd.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## ONS IDENTITEIT

As Die Gemeente met Oop Deure
wil ons
'n *verwelkomende* en *liefdevolle*
*omgee* gemeenskap wees
waar mense wat op weg is op hulle
lewensreis,
KAN TUISKOM EN SAAM KAN
GROEI EN DIEN
in navolging van Jesus.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# BEDIEN

**DEUROFFERS SINODAAL - BADISA**
https://badisa.org.za/

Badisa is ’n Christelike welsynsorganisasie (NPO en PBO) wat saam met die NG en VGK kerke werk. Hulle lewer dienste aan kinders, ouers, gesinne, gestremdes, middelafhanklikes en ouer mense in nood. Deur maatskaplike werkers en gemeenskapsprojekte bied Badisa ondersteuning, beskerming en hoop aan kwesbare mense regoor Suid-Afrika.




Gedurende die 2024/2025 boekjaar het BADISA 1 079 097 mense bereik!



Daar is heelwat borde/bakke/skinkborde in die spens - as hulle nie opgeëis word nie, gaan Racham 'n paar bakke ryker word!





Elmari het by Silwerjare meer kom vertel van die werk van Jesus-in-Aksie en ook hoe ons daarby betrokke kan raak, o.a. deur breiwerk.



## OMGEEGROEPE

### IS JY MOONTLIK BEREID OM 'N OMGEEGROEP TE FASILITEER?

In die onlangse vraelys wat die gemeente voltooi het, het baie persone aangedui dat hulle graag meer inligting wil kry oor wat dit behels om 'n omgeegroep te fasiliteer.

Inligtingsessie eersk Wo 13 Mei om 19h00 in die Kleuterlokaal.

## BEDIENINGSLEIER EIENDOMSBEDIENING

Die Eiendomsbediening het nie tans 'n Bedieningsleier nie. Indien jy dit oorweeg om hier diensbaar te wees, kontak Jackie by die kerkkantoor.

*Wat op aarde maak ek hier!*



# PINKSTER 2026

## 14 Mei - 21 Mei

| | | | |
|---|---|---|---|
| Do 14 Mei om 19:00<br>HEMELVAART | Wat op aarde maak ek hier?<br>Wat is die sin van my bestaan? | | |
| So 17 Mei om 08:30 | Die hart van aanbidding. | Joh 4:23,24,<br>Rom 6:13,<br>Rom 12:1,2 | **Ma - Do se aanddienste word die volgende oggend om 10:00 herhaal.** ↓ |
| Ma 18 Mei om 19:00 | Die Gees wek liefde in ons harte. Vir God en vir ander. | Rom 5:5<br>1 Joh 4:7-21 | Di 19 Mei om 10:00 |
| Di 19 Mei om 19:00 | Verander ons om lief te hê soos Jesus. | Gal 5:22,23<br>Joh 13:1-17, 34,35 | Wo 20 Mei om 10:00 |
| Wo 20 Mei om 19:00 | Die Gees bind ons saam in liefde. | Hand 2:42-47<br>Ef 4:2-4 | Do 20 Mei om 10:00 |
| Do 21 Mei om 19:00 | Gestuur deur die Gees.<br>Liefde in Aksie | Hand1:8<br>Matt 5:14-16 | Vry 21 Mei om 10:00 |
| So 24 Mei om 08:30 | PINKSTERFEES<br>Gemaak om deel te wees van God se groter familie. | | |



God het sy *liefde* in ons *harte* uitgestort deur die *Heilige Gees* wat Hy aan ons gegee het.

Rom 5:5

# TIENER-EN KINDERPINKSTER

## MA 18 MEI - DO 21 MEI 19:00




**GR 1-7**




**GR 8-11**



**VOORSKOOL: OPPASDIENS**

### 4 MANIERE OM GEESTELIKE LEIERS TYDENS PINKSTER TE ONDERSTEUN

*Marthe Rossouw*

**1. MAAK HULLE URE MEER**
Wees geduldig met antwoorde, maar ook met jou vrae. Moenie tydens Pinkster afsprake maak of bel met navrae wat 'n week of twee kan wag nie. Skakel liewer ná Pinkster.

**2. NEEM DEEL**
Een van die eenvoudigste maniere waarop jy hulle kan bystaan, is deur op te daag by die eredienste en ook aktief deel te neem. Beantwoord vrae in die erediens – ’n interaktiewe gemeente genereer energie en kan geestelike leiers help op die dae waarop hulle kragte laag is.

**3. KOM MET JOU GAWES**
Leiers moet dikwels baie balle in die lug hou tydens Pinkster, en jy kan aanbied om, binne jou unieke vermoëns, een van die balle te hanteer. ’n Diensbare hart en ’n paar ekstra hande kan ’n enorme verskil maak.

**4. KOM IN GEBED**
Pinkster kan emosioneel en geestelik dreinerend wees. Bid gereeld vir jou geestelike leiers. Bid vir wysheid, kennis en insig. Bid vir energie en krag. Hierdie dinge kan niemand uit eie krag bereik nie, maar slegs deur ons God wat deur ons en in ons werk.

Verkort uit https://kaapkerk.co.za/5-maniere-om-jou-dominee-tydens-pinkster-te-ondersteun/




Bestel by die kerkkantoor, in die voorportaal, of op Google vorms:

https://forms.gle/zPfX77fkWXgV3EjHA

## BAK PANNEKOEKE VIR STOELE




Die jongmense van Space samel vanjaar tydens Pinkster geld in vir stoele en tafels vir Nic en Tina se opleidingsentrum in Belo (Madagaskar). Hulle doen dit deur pannekoek-verkope. ***Hulle sal hulp baie waardeer!***

Indien jy bereid is om een aand tydens Pinkster (Ma 18 Mei - Do 21 Mei) 'n klompie pannekoeke tuis te bak en saam te bring vir verkope, kontak Elmari by 082 864 4233. Dankie!

# BEDIEN

## UITREIKBEDIENING




***Vanuit die Uitreikbediening:***

Ons nooi almal uit om deel te raak van die ons fokus op Madagaskar hierdie kwartaal en dit waarmee die Here besig is deur die bediening van Nic en Tina Strydom.

***Ons gaan dit doen op die volgende maniere:***

**PINKSTERPROJEKTE**

**SWAARDE VIR SENDELINGE:** Projek tydens Pinkster waar ons deurkollektes gaan vir Bybels en lektuur verspreiding in die kerke.

**STOELE VIR SENDELINGE:** 30 stoele en 4 tafels vir die nuutgeboude Belo Opleiding-sentrum. Die jongmense van Space loods die projek o.a. deur pannekoek verkope tydens Pinkster

**MADAGASKAR UITREIK**

Uitreik in Junie waar Francois Kotzé en Gert Roberts namens die gemeente die opening van die Belo Sentrum gaan bywoon.

**GEMEENTE BESOEK**

Nic en Tina Strydom besoek die gemeente op Sondag 5 Julie 2026.

*Hou hierdie spasie dop vir meer inligting!*






# ALLERLEI

## JESUS-IN-AKSIE BENODIG WOL



Jesus-in-Aksie wil graag hierdie Winter mense weer help om warm te bly.

Hulle het baie gewillige breiers, en so vinnig as wat ons wol inkry, so vinnig word dit weer opgebrei!

Indien jy wol het wat jy nie meer gebruik nie (of hulle wil seën met nuwe wol), lewer asb af by die kerkkantoor (weeksoggende 9-12 vm of op Sondae tydens eredienste) of by die rooi Lasa-russtoor by Brackenfell stasie (Ma - Vry 08:00 - 15:30).

Baie dankie aan almal wat reeds wol geskenk het!



Pragtige truitjies wat Racham die week ontvang het.

## IN DIE OMGEWING






**DANKGEBED OP MOEDERSDAG**

Here ons God, ons dank U vandag vir die baie maniere waarop u liefde sigbaar word deur mense wat vir ons sorg.
Ons bid vandag vir ma's in verskillende vorme en rolle:
Biologiese ma's, aangenome ma's, stiefma's, skoonma's, pleegma's, dagmoeders, versorgers, tannies, niggies, bure, oumas, vriendinne, onderwysers en soveel ander mense,
wat in verskillende seisoene van ons lewe
vir ons soos moeders was.

Dankie vir elkeen wat vir ons opstaan, ons beskerm en ons dra wanneer ons swaarkry. Dankie vir moed, lojaliteit en dapperheid - soos 'n ma-beer wat vurig haar kleintjies oppas. Dankie vir elkeen wat ons leer, touwys maak, geduldig help groei en die beste in ons raaksien. Dankie vir wysheid, geduld en inspirasie soos 'n arend-ma wat haar kleintjies leer vlieg.

Dankie vir elkeen wat ons aanvaar nes ons is, ons vertroos en ons naby hou. Dankie vir die manier waarop sy versorg en ons omring met warmte en omgee, soos 'n hen wat haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak.

Dankie Here, dat U deur ma's vir ons u liefde en omgee wys.
Amen

Anriëtte de Ridder

